DEEL 115 | WEEK 38 | 22 SEPTEMBER 2023 | R5

# HEILBRON HERALD



# NOU GAAN ONS BRAAI !

*Werknemers van L&T Boerdery gereed vir Erfenisdag met 'n stukkie wors vanaf Star Slaghuis. Op die foto vlnr: Johan du Plessis, Juanita Engelbrecht, Leonard Stydom en Willie Pretorius.*

# Lig in die duisternis

Inwoners naby die spruit sit met hulle hande in hulle hare oor die krag situasie. Die gebied is al 'n week sonder krag. Die rede vir hierdie nagmerrie is dat 'n onbekende individu, in die duisternis van beurtkrag, by die mini-substasie ingebreek het en die transformator gestroop het. Gerugte het vinnig versprei dat dit tot drie weke sou duur om te herstel, maar volgens Francis Moeketsi, munisipale bestuurder van Ngwathe Heilbron, is daar goeie nuus. Francis het bevestig dat die transformator teen Vrydag vervang behoort te wees, met toetse wat reeds gedurende Woensdag aan die gang was. Hy het ook verduidelik dat die munisipaliteit in samewerking met Clover die substasie gaan beveilig. Terwyl hierdie pogings om die kragtoevoer te herstel verwelkomende nuus is, bly die vraag van gemeenskapsveiligheid 'n drukkende kwessie.

Francis vertel van die tallose sake wat reeds by die plaaslike polisie aangemeld is, maar dat dit frustrerend is dat hierdie sake dikwels weens 'n gebrek aan voldoende bewyse of die onmoontlikheid om 'n verdagte in hegtenis te neem, gesluit word. Dit bring ons by 'n belangrike vraag: Is dit nie dalk tyd vir besighede en die gemeenskap om die verantwoordelikheid van veiligheid in eie hande te neem nie?

Ons het opgemerk dat koperdiewe nie alleen hierdie gemeenskap pla nie, maar dit het ook 'n domino-effek op besighede wat afhanklik is van 'n konstante kragtoevoer. Dit kos besighede duisende rande om kragopwekkers te laat loop, wat 'n groot impak op hul winsgewendheid het. Die vraag is dus of dit nie tyd is vir 'n alternatiewe benadering nie. Een moontlikheid is dat besighede in die gemeenskap 'n plaaslike sekuriteitsmaatskappy kan aanstel om tydens beurtkrag patrollies te ry. Hierdie maatreël kan die gemeenskap help om hul eiendom en infrastruktuur te beskerm terwyl die krag af is. Dit sal ook 'n aktiewe afskrikmiddel vir potensiële aanvallers wees en die gemeenskap meer gemoedsrus gee.

Dit is belangrik om in gedagte te hou dat hierdie oplossing nie 'n vervanging vir die polisie is nie, maar 'n aanvulling op hul pogings om misdaad te bestry. Die polisie is bewus van die "hotspots" vir koperdiewe, maar hulle hulpbronne is beperk, en hulle kan nie altyd teenwoordig wees nie. 'n Plaaslike sekuriteitsmaatskappy kan die gapings vul en die gemeenskap 'n ekstra vlak van beskerming bied.

Die herstel van die kragtoevoer is van kritieke belang vir die gemeenskap, maar dit moet gepaard gaan met 'n toewyding tot die beskerming van hierdie infrastruktuur en die gemeenskap as geheel. Besighede en inwoners moet saamwerk om die lig in die duisternis te behou en 'n veilige omgewing te skep waarin ons almal kan floreer.










# Skenk bloed, jou bloed red lewens

Die Suid-Afrikaanse Nasionale Bloeddiens (SANBS) nooi die gemeenskap van Heilbron uit om bloed te skenk, Dinsdag, 26 September 2023 by die NG Suid Kerksaal, vanaf 13:00 tot 19:00.

September is tradisioneel 'n moeilike tydperk vir SANBS, weens die rekord-eksamens en skoolvakansie. Daar is ongelukkig nie genoeg bloedskenkklinieke by besighede om die gapings van die afwesigheid van bloedskenkklinieke by skole en tersiêre instellings te vul nie.

Om 'n bloedskenker te word moet jy:
- Tussen die ouderdom van 16-75 wees
- Meer as 50kg weeg
- Iets voor jou skenking eet
- 'n Veilige leefstyl lei
- Gesond wees op die dag van skenking

Help SANBS om die mikpunt van 70 eenhede bloed in te samel wat meer as 200 lewens kan red. SANBS doen 'n beroep op die Heilbron gemeenskap om gereeld bloed te skenk, soveel as slegs 4 keer 'n jaar, asook nuwe skenkers aan te moedig om bloedskenkers te word.

*Bronwyn Petersen*
*Donor Relations Practitioner*
*Tel: 056 212 2862 | Cell: 082 419 1471 | Toll free: 0800 11 90 31*
*Blood type: O+ | www.sanbs.org.za*
*www.sanbs.org.za*




# Kransfontein Resiesduif Klub

Op Saterdag 2023-09-16 het lede van Kransfontein Resiesduif klub vanaf Hanover twee Ope Wedvlugde gevlieg. Die duiwe is gesamentlik gelos om 06:30 en het oor 'n afstand van 530 kilometer gevlieg terug na Reitz. Die wind het sterk wes gewaai en die Ope 1 wenduif is om 11:53 geklok.

1. Spartan Pigeons, 2. Spartan Pigeons 3. Heine Resiesduif Hokke, 4. Spartan Pigeons, 5. Heine Resiesduif Hokke 6. Heine Resiesduif Hokke, 7. Liefde Hokke A, 8. Heine Resiesduif Hokke 9. Liefde Hokke B, 10. Spartan Pigeons

Die wenduif op die Ope 2 wedvlug is om 11:52 geklok.
1. Heine Resiesduif Hokke, 2. Du Plessis Hokke, 3. Spattan Pigeons 4. Spartan Pigeons, 5. Heine Resiesduif Hokke, 6. Heine Resiesduif Hokke 7. Du Plessis Hokke, 8. Du Plessis Hokke, 9. Heine Resiesduif Hokke 10. Heine Resiesduif Hokke.

Dit was die laaste wedvlug vir 2023.





*Op die foto bo 1501 van Spartan Pigeons wat Hanover Ope 1 met 4 sekondes gewen het.*
*Foto regs: Hannes Swart van Heine Resiesduif Hokke met nommer 20140 wat Hanover Ope 2 met 4 sekondes gewen het.*

# Gebruik medisyne verantwoordelik

***• Heilbron Kliniek***

Medisyne speel 'n belangrike rol in die voorkoming en behandeling van siektes. Indien dit egter nie behoorlik gebruik word nie, kan medisyne jou benadeel. Jy speel 'n belangrike rol in die veilige gebruik van medisyne.

**STOP, vra jouself**
- Is dit my medisyne?
- Hoekom neem ek die medisyne?
- Weet ek hoe en wanneer om die medisyne te neem?
- Het ek al voorheen 'n slegte reaksie op medisyne gehad?

**VRA jou apteker**
- Indien jy onseker oor jou medisyne is, VRA.
- Wat is die naam van die medisyne?
- Is dit veilig om dit saam met my ander medisyne of met kos te gebruik?
- Wat is die algemene newe-effekte wat ek tydens die neem van die medisyne kan verwag?
- Waar moet ek die medisyne stoor?
- Is dit veilig om medisyne te gebruik wat verval het?

**GAAN en word gesond**
- Maak seker jou naam is op die etiket.
- Bevestig dat jy die regte medisyne het.
- Neem jou medisyne op die regte tyd, in die regte hoeveelheid en op die regte manier soos deur die apteker aangedui.
- As jy voel die medisyne maak jou siek, praat dadelik met jou apteker.
- Hou jou medisyne op 'n veilige plek waar kinders dit nie in die hande kan kry nie.
- Moenie jou medisyne deel nie.
- Moet nooit vervalde medisyne gebruik nie.
- Neem ongebruikte medisyne terug na die apteek vir vernietiging.

# Heilbron duiwenuus

Verlede naweek se wedvlugte was vanaf Middelburg oor 'n afstand van 550km. 'n Sterk westewind het gewaai, gevolglik het die duiwe vinnig gevlieg. Die eerste wedvlug se duiwe is om 06:30 gelos en Frik Viviers se wenduif was 12:30 terug met 'n gemiddelde spoed van 90 kpu. Die tweede wedvlug is 'n halfuur later gelos en Dries Cilliers se wenduif was 13:08 terug. Sy spoed was 89 kpu. eerskomende naweek se wedvlugte sal vanaf Beaufort-Wes plaasvind.

**MIDDELBURG OPE 1**
1. F Viviers, 2. D Cilliers, 3. F Viviers, 4. D Cilliers, 5. Zenith B, 6. Zenith B, 7. D Cilliers, 8. Zenith A, 9. F Viviers, 10. D Cilliers.

**MIDDELBURG OPE 2**
1. D Cilliers, 2. Zenith A, 3. D Cilliers, 4. F Viviers, 5. D Cilliers, 6. D Cilliers, 7. D Cilliers, 8. F Viviers, 9. D Cilliers, 10. D Cilliers.



# UIT DIE PEN: *Week 38 van 2023*

Bickering, noem hulle dit in Engels. In Afrikaans klink dit nie so lekker nie: gekibbel. Die Engelse term klink vir na iets waarna jy kan luister, heerlik mee kan verskil en lekker vir mekaar kan lag.

En dit kan net gebeur tussen mense wat mekaar goed ken en wat respek het vir mekaar se opinies.

Ons het 'n baie goeie vriend en vriendin. Die vriend is 'n predikant. Twee van sy drie kinders is ook predikante. Maar interessante mense.

Hulle het geldige standpunte om te maak. Hulle kan motiveer waarom hulle oor 'n sekere saak sterk voel. Hulle lag vir mekaar en gun mekaar die ruimte om te kan verskil.

Die afgelope week het ons al drie van hulle aan huis gehad. My mond het oopgehang. Families verskil hemelsbreed.

Ek en my familie is skreeusnaaks wanneer ons saam is. Ek is vir myself soms baie snaaks (want ek weet hoe lag ander agter my rug en ek lag saam!), maar my twee boeties gee my opdraende. Voeg daarby hulle ewe skerpsinnige kinders, en jy het 'n wenspan. Ek is van mening dat hierdie gene reguit van my ou pa af kom.

Ou pa het 'n toepaslike grap vir elke geleentheid gehad. Hy het dit dan vertel sonder om te lag. Want, sê hy, hy het dan al voorheen die grap gehoor. Ons vertel ook grappe soos hy.

My ou pa het in 1998 'n groot breinoperasie gehad. Toe ou pa en my rooikopsus nog met ons was, sou ek altyd sê: "Nee, my familie, julle koppe raas!" Waarop my pa sou antwoord: "Hey, ek is die enigste een wat papiere het dat iemand iets aan my kop probeer doen het. Julle kan nie dieselfde sê nie."

En dan lag ons weer van voor af.

Die drie predikante is anders. En moenie dink predikante is net ernstig met hael en swawelpraatjies nie. Hulle is anders.

Ek stap in op 'n laggende, maar ernstige gesprek oor Thomas. Nee, die ander een, dit was Petrus. Nee, nee, dit was Thomas.

Die twee, albei jonger as 35, noem die presiese Bybelboek, hoofstuk en beginvers op. Twee verskillende verwysings. Hulle lees een, en toe die ander skrifgedeelte. En bars uit van die lag.

Die twee slaan die gedeeltes na en sowaar: een van Jesus se dissipels vra vir Jesus waarheen Hy gaan. Jesus begin verduidelik waarheen, en dat hulle Hom uiteindelik sal volg. Vir Petrus vertel Hy ook sommer wat die nuwe gebod is: Julle moet mekaar liefhê soos wat Ek julle liefhet.

Na die hele verduideliking deur Jesus, vra albei: Maar Here, waar gaan U nou eintlik heen?

Die broer en suster skater van die lag.

As jy nie die konteks van die Bybel verstaan het nie, en ook nie die ironie van albei verhale nie, sou jy nie gedink het dat dit snaaks is nie.

Verbeel jou: Jy vra vir iemand waar hulle bly. Die persoon reageer met 'n volledige adres, en om alles makliker te maak, 'n skakel na Google Maps toe, met GPS koördinate. Net om te hoor: Maar waar presies bly jy?

Jy sou dalk ook jou hande in die lug gegooi het.

Dalk moet ons net dit doen: meer tong-in-die-kies en humoristiese oomblikke in die Bybel. Ons lees die Bybel die meeste van die tyd so vreeslik ernstig, en ons moet ook met ernstigheid en respek daarmee omgaan. Dis immers die Woord van God. En indien jy nie 'n gelowige is nie, doen dit in elk geval. Jy hanteer ander boeke ook met respek.

Het jy al 2 Konings 9:20 gelees? Jehu smee toe planne om vir Joram dood te maak. Jehu jaag toe na Jisreël omdat Joram daar gewoon het. Met 'n baie aktiewe spoed. Toe die manne op die uitkyktoring vir Jehu sien, skree hulle: "Hier kom iemand aan!"

Natuurlik trek dit almal se aandag. Die koning stuur twee verkenners uit om vir Jehu te vra of hy in vrede kom. Die tweede verkenner is verstom oor Jehu wat so ywerige spoed kan baasraak. My Engelse Bybel se weergawe verskaf my ure van pret: "The driving is like that of Jehu, son of Nimshi – he drives like a maniac."

Dalk die oorspronklike renjaer?

Vandag se les is nie om vinniger of stadiger te ry nie, ook nie om saam te sweer om vir Joram dood te maak nie. Maar om vir 'n slag heerlike gesprekke oor die Bybel te hê. En as jy oor iemand lag wat iets gedoen het, is dit beslis nie disrespekvol nie. Sommige situasies is regtig snaaks. Ons Bybels is nie net vir Sondae nie, maar vir elke dag.

'n Lamp vir jou voet en 'n lig vir jou pad, dis wat Psalms sê.

Onthou jy daardie dae toe ons Bybelversies uit ons koppe moes leer? Selfs nou nog vang ek myself ek sê van daardie op wat in my kop vasgesteek het. Soms moet ek teruggaan Bybel toe om die regte bewoording te gaan soek. Of dit selfs in 'n ander vertaling te gaan lees.

Maar eendag is eendag, dan gaan ek ook sê presies waar in die Bybel 'n sekere vers staan, of wat die Woord sê van die of van daai.

Want met al die geroesemoes in ons lewens skakel ons dit so maklik uit: om te lees wie en wat die Groot Skrywer steeds vir ons te sê het. Dit help nie ons ken net Psalm 23 nie, of die allerbekende "moenie oordeel nie want dan sal jy nie geoordeel word nie."

Dalk moet ons vir 'n slag die teks en die konteks onthou en nie soos ongeletterdes die teks uit konteks aanhaal nie.

Dalk, net dalk, kan jy vir iemand iets beteken met 'n woord van bemoediging.

# VKB sê dankie

Die VKB Reinet Depot het op Vrydag, 15 September, 'n heerlike byeenkoms gereël om al die boere wat hulle gedurende die stroopseisoen ondersteun het, te bedank. Hierdie geleentheid het nie net gedien as 'n blyk van waardering nie, maar dit het ook 'n geleentheid gebied vir ou en jong boere om saam te kom en 'n heerlike skaalbraai te geniet. Johan van Rensburg, bestuurder van die graanafdeling by VKB, het die betekenis van die skaalbraaie by al die VKB-depos na die stroopseisoen beklemtoon. Hy het gesê, "Dit is ons manier om die produsente te bedank vir hulle toegewydheid en ondersteuning gedurende die stroopseisoen. Hierdie braaie is 'n manier om ons dankbaarheid te wys vir die harde werk wat die boere elke dag verrig om ons land se voedselvoorsiening te verseker." Die bemarkingsbestuurder van VKB, Hermann Verwey, het ook deelgeneem aan die skaalbraai-saamkoms saam met die boere. Dit het 'n geleentheid gebied vir 'n persoonlike interaksie tussen die boere en die VKB-span, wat 'n sterker band tussen die twee gemeenskappe help bou. Die aand was nie net 'n geleentheid om dankbaarheid te toon nie, maar ook 'n gesellige saamkoms waar ou en jong boere bymekaar gekom het. Dit het die geleentheid gebied vir uitruil van stories en ervarings, en dit het die gemeenskap van boere nader aan mekaar gebring. Die VKB Reinet Depot se toewyding aan die plaaslike gemeenskap is duidelik sigbaar deur hierdie tipe inisiatiewe. Dit is 'n voorbeeld van hoe 'n suksesvolle landbou maatskappy sy sukses met die gemeenskap kan deel en die belangrikheid van plaaslike landbou onderstreep. Hierdie skaalbraaie is nie net 'n blyk van dankbaarheid nie, maar ook 'n viering van 'n suksesvolle stroopseisoen en 'n toonbeeld van die gevoel van samehorigheid wat hierdie gemeenskap van boere kenmerk. Dit is 'n herinnering dat, ongeag van die uitdagings wat landbouers mag ervaar, daar 'n gemeenskap is wat hulle ondersteun en waardeer. In 'n tyd waar samewerking en ondersteuning van kritieke belang is vir die voedselsektor, is die VKB Reinet Depot 'n ligtende voorbeeld van hoe landbou maatskappye 'n rol kan speel in die ondersteuning van die landbou-gemeenskap. Die skaalbraaie sal vir 'n lang tyd onthou word as 'n simbool van die verbintenis tussen VKB en die boere wat hulle dien.



*Op die foto vl: Eben Claassen, Johann Claassen, Gerrit Viljoen, Hermann Verwey (Bemarker VKB) en Johan van Rensburg (Graanbestuurder). Voor vl: Graimund Grant, Marike Hamman en Dawie Lange (Bestuurder van VKB Petrus Steyn).*

# Evolution of farming tools


*Ingestuur deur: Tom Watson*




**Raak volgende week deel van ons lekker lees gemeenskap koerant en stuur jou nuus en mylpale deur na Heilbron Herald.**
**Kontak gerus vir Hendie Lötter by 058 852 3033**
**heraldnuus@heilbron.co.za**

DE VRY · DISTILLERY
UPCOMING SPECIAL EVENTS
Limited seating, bookings essential!
Free State Harvest Table Lunch:
Sunday 27 August, 1 October, 29 October and 26 November
De Vry Gourmet Nose to Tail event:
Saturday 26 August
Heritage Day Rum and Roast:
24 September
Springboks' vs Scotland: Outdoor big screen, picnic and taco night:
23 September 17:00 till late
Email tastingroom@devrydistillery.co.za or send a WhatsApp to 072 606 3960
DEVRYDISTILLERY.CO.ZA

# INSPIRASIE RESEPTE -



**Pasch du Plooy**

__SIDE DISHES__

Our take on these viral roasted potatoes. Easy, relatively quick, and delicious. I think this is the perfect side dish to any braai, roast or burger. Serving the potatoes at room temperature with some garlic mayo on the side can be a great snack/pre-starter as well.



**Crispy garlic and parmesan potatoes with garlic mayo**
Preparation time: 45 minutes
Cooking time: 30 minutes
Serving: 4 - 6 people

**Ingredients for the potatoes**
20 baby potatoes
2 tablespoons garlic mayo
100g grated parmesan
1 teaspoon paprika
Maldon Salt & Pepper

**For the garlic mayo**
1 cup mayonnaise
2 cloves garlic, grated
1 teaspoon turmeric
4 strands saffron (optional)

**Method for the garlic mayo**
In a mixing bowl add all the ingredients and mix well. Refrigerate until needed.

**Method for the potatoes**
Pre heat your oven to 180 degrees.
Precook the potatoes in salted boiling water for 8 minutes.
Cool the potatoes down and cut lengthwise in half.
Add the potatoes to a mixing bowl and mix gently, without breaking with the garlic mayo.
Mix the parmesan and the paprika and sprinkle evenly on an oiled baking tray that will fit all the potatoes cut side down.
Now place the potatoes, cut side down on the baking tray.
Roast the potatoes for 30 minutes.
Remove them from the oven and wait for 7 minutes before removing the potatoes from the tray with a spatula. Season with Maldon salt and Black pepper.

**How to serve**
Serve with extra garlic mayo on the side and some fresh lemon.

**Chefs note:**
Make this recipe instead of chips for your next burger night.

SOLAR VIBE
ALL ELECTRICAL & SOLAR APPLIANCES
47 Cilliers Street, Heilbron
060 908 9009 | admin@solarvibestore.com
All Electrical & Solar Appliances available in store!
Orders placed with next day delivery
Solar installations & After Services

HERALD Gemeenskapsnuus

# 0/13 Krieketspan spog met oorwinning



*Op die agter vl: CJ van Zyl, Heinrich Lange, Deante Schoeman, Jannie Els, Gerrit du Plooy, Ernest Scheepers, DJ Pieters, Jordan Buitendag. Voor vl: Ayden Thompson, Wybrand du Toit, Piet Mothebe, John Ric Pretorius, Willie Bornman, Frederik Erasmus (Kaptein) en Gerhard Engelbrecht.*

Hoërskool Heilbron se jong krieketsterre het hul vaardighede ten toon gestel en 'n glansryke oorwinning behaal in die Fezile Dabi-Noord Liga. Die taai teenstander Noordskool, het Heilbron se span se uithouvermoë tot die uiterste gedryf. Die kaptein van die span, Frederik Erasmus, het 'n leiselspel gespeel en sy span gemotiveer. Sy leierskap en vaardighede op die veld het die pad vir 'n suksesvolle dag vir Hoërskool Heilbron geplavei. Een van die uitblinkers van die wedstryd was Jordan Buitendag, wat nie net ses paaltjies geneem het nie, maar ook 'n onverslaanbare bydrae van 51 lopies gelewer het. Sy indrukwekkende prestasie het die teenstanders in die verdediging in die verleentheid gebring en 'n groot bydrae tot die oorwinning gemaak. DJ Pieters het ook 'n betekenisvolle bydrae gelewer deur 31 lopies op die bord te plaas, en sy vasberadenheid het die span se telling aansienlik verhoog. Die oorwinning van Hoërskool Heilbron se 0/13 krieketspan is 'n bewys van hul toewyding, harde werk, en die uitstekende afrigting wat hulle ontvang. Hierdie jong spelers het 'n belowende toekoms in die wêreld van krieket, en ons sien uit na nog vele suksesvolle wedstryde van hierdie talentvolle span. Hulle is 'n ware eer vir Hoërskool Heilbron en die gemeenskap wat hulle ondersteun.

# Wêreldleesdag



*Sandersville skool vier Wêreldleesdag op 6 September. Leerders moes hul eie boekie skryf en prentjies teken.*

*Die volgende leerders het ingeskryf in graad 4. Bokang, Onalerata, Tlhohonolofatsa, Methane, Dikano en Reitumetse. Almal het pragtige boeke geskryf maar Dikano Maepho het as wenner in die graad 4 klas weg gestap.*



*Twee graad 5 leerders, Oratile en Moeketsie het ook ingeskryf, waar Moeketsi Motete as wenner aangekondig was.*

*Die graad 6 klas leerders, Simthandile, Sindile, Mamello en Angela het ook aan die pret deelgeneem, waar Simthandile Lemane, die wenner van die klas aangekondig was.*

*Die skool wil net die borge bedank.*





# Landloop atlete hou Bronnies se naam hoog

Die afgelope naweek het twee atlete van Hoërskool Heilbron, Marizaan Swanepoel en Lienke Terblanche, aan die Landloop Suid-Afrika Kampioenskappe deelgeneem wat in Port Elizabeth plaasgevind het. Hierdie twee jong dames het nie net hul skool en gemeenskap trots gemaak nie, maar ook 'n inspirasie vir toekomstige atlete in die landloopwêreld geword. Marizaan Swanepoel het 'n uitsonderlike vertoning gelewer deur 'n indrukwekkende 47ste plek uit 'n veld van 112 atlete te behaal. Haar prestasie het gewys dat harde werk, toewyding en deursettingsvermoë vrugte dra. Lienke Terblanche het ook 'n bewonderenswaardige vertoning gelewer deur 'n 87ste plek te bereik uit 'n veld van 116 atlete. Haar deelname aan hierdie kampioenskappe is 'n duidelike aanduiding van haar liefde vir die sport en haar bereidwilligheid om te kompeteer op die hoogste vlak. Lienke se deelname is 'n voorbeeld van moed en vasberadenheid wat jong atlete in Heilbron kan inspireer om hul drome na te jaag.



*Marizaan Swanepoel*



*Lienke Terbanche*







# Kleuterkasteel besoek biblioteek



*Kleuterkasteel se maaitjies het 'n leersame uitstappie na Heilbron se biblioteek onderneem. Kleuters is uitgenooi om te kom aansluit as hul nie lid is nie.*



# KENNISGEWINGS

## AUCTION / VEILING

**Case No.: 339/2013**
In the Magistrate's Court for the District of Reitz.
Held at Reitz
**In the matter between:**
**JOHANNES BENJAMIN FOURIE**
*Execution Creditor*
and
**NHLANHLA JOEL NHLAPO**
**Identity Number: 750911 5459 08 6**
*Execution Debtor*

**NOTICE OF SALE IN EXECUTION**
1. Kindly take notice that in terms of a Judgment granted on 27th day of February 2014 in the Reitz Magistrate's Court and a Warrant of Execution issued thereafter, a Sale in Execution of the under mentioned goods will be held.

**DESCRIPTION OF GOODS**
1 x Samsung Double Door Fridge
1 x 65" flatscreen TV
4 Piece Lounge Suite
7 Piece Dining Room Suite
to the highest bidder

**CONDITIONS OF THE SALE**:
Sale is "voetstoots" and with no guarantees
The particulars of the sale / auction are as follows:
1.1 Date: 13 October 2023
1.2 Time: 12:00
1.3 Place: 22 De Wet Street, Reitz, 9810

2. In terms of Regulation 20 (3) of the Consumer Protection Act 68 of 2008, full details of the advertisement and description of the goods are available during ordinary business hours at the offices of the undermentioned Attorneys and the Sheriff.
3. This Notice is published in terms of, inter alia, Regulation 20 (2) (b) of the Consumer Protection Act 68 van 2008, and access to the latter Regulations can be obtained on URL at URL: http://www.info.gov.za/view/DownloadFileAction?id=99961
4. Prospective buyers are required to register before commencement of the auction.
5. FICA- legislation in respect of proof of identity and address particulars.
6. A registration fee of is payable before commencement of the auction.
7. The office of the Sheriff of Reitz will conduct the sale with auctioneer WF Minnie, 083 654 7512
8. Method of payment: cash or electronic transfer, subject to acceptable proof of payment.
9. Advertising costs at current publication rates and sale costs according to the court rules, apply.

Dated at Reitz on 3 August 2023.
**Execution Creditor's Attorneys**
**BLIGNAUT & WESSELS**
**29 SAREL CILLIERS STREET, REITZ,**
**FREE STATE, 9810**
**TEL NO.: 058 863 2884, FAX NO.: 058 863 2694**
**E-Mail: bligwes07@gmail.com**
**Docex 1, Reit**
**Ref: F204/Mnr Blignaut**
**WF Minnie**
*Sheriff*
**WF Minnie**
*Auctioneer*

## KENNISGEWING AAN DEBITEURE & KREDITEURE

In die boedel van wyle **ANNA SOPHIA MULLER,** Identiteitsnommer 370211 0042 08 0, Weduwee, wie woonagtig was te Bergsig Woonstel No 4, Distrik Frankfort, provinsie Vrystaat,
wie oorlede is op 13 Junie 2023,
**Boedelnommer 006143/2023**.
Krediteure in genoemde boedel word hiermee aangesê om binne 'n typerk van 30 (dertig) dae hul eise teen die boedel in te stel en debiteure word versoek om hul skulde binne genoemde tyd te betaal.
**JG POTGIETER & VENNOTE INGELYF**
**BREËSTRAAT 33**
**POSBUS 199,**
**HEILBRON, 9650**
**GEREGISTREERDE OUDITEUR**







## RIEMLAND JAGTERSVERENGING JAARPROGRAM 2023

| DATUM | BESONDERHEDE | TYD |
|---|---|---|
| 07 OKTOBER | GROEPERING SKIET / TROFEE MEET | 09:00 |
| 14 OKTOBER | TROFEE MEET/JAARVERGADERING /DINEE BLOEMFONTEIN | |
| 03 NOVEMBER | JAARVERGADERING : RIEMLAND TAK | 18:30 |
| 18 NOVEMBER | "D-DAG" INDIEN VAN TOEGEWYDE JAGTERS STATUS | |
| 31 DESEMBER | LEDEGELDE VIR 2024 MOET NOU BETAAL WORD | |




Herald
Office National
NCR Printing
(no-carbon-required)
Book Printing
Design & printing:
Invoice books
Receipt books
Delivery books
Order books
Individually numbered
Duplicate, triplicate
& more
100%
OPERATIONAL
**44 Els Street**
**Heilbron**
**Tel: 058 852 3033**

# TE HUUR

**HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS**
Geskik vir ongeveer 70 mense.
Ingesluit volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
**Hannalie Claassen**
**079 040 0531**

# DIENSTE

**BAAL / SNY & BAAL**
Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal of slegs baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers.
Petrus Steyn, Frankfort, Heilbron en Lindley.
**Kontak Jaco Meiring 082 851 6158 of Piet Meiring 082 571 4191**
**peerlandhandel@gmail.com**

**SPAN VAN DRAAD**
As u draad wil laat span
skakel Samuel 071 433 9129

## WINKELURE

**MAANDAE – DONDERDAE:**
07:30 -17:00
**VRYDAE:** 07:30 - 16:30
**SATERDAE:** 08:30 - 13:00
Herald Office National
**Elsstraat 44 • Heilbron**
**Tel: 058 852 3033**

DUPNO Trading
**AUGERS**
**GRAANDAMME**
**SINKDAMME**
**BUNKERS**
**AFLAAIBAKKE**
Kontak:
Ryno 073 268 7565
ryno.dupno@gmail.com

# TE KOOP

**TE KOOP**
Voer te koop.
*Skakel gerus*
*083 688 8256*
K0597

**POSTNET HEILBRON**
**BESIGHEIDSURE**
**Maandae - Vrydae:** 08:00 - 16:30
**Saterdae:** 09:00 - 12:00
*Elsstraat 42, HEILBRON • Tel: 058 853 0006*

**Raak volgende week deel van ons lekker lees gemeenskap koerant en stuur jou nuus en mylpale deur na Heilbron Herald. Kontak gerus vir Hendie Lötter by 058 852 3033 of heraldnuus@heilbron.co.za**

## BIBLIOTEEK OOP

***Piercestraat 66 • Heilbron***

**Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week oop vir die publiek en die tye is as volg:**
**Maandae tot Vrydae** - 09:00 - 13:00
(Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)

***Biblioteek is gesluit op Saterdae, Sondae & openbare vakansiedae.***

# SMALLS

**BAAL / SNY & BAAL ...**
Vir sny-, hark- en baalwerk.
Kontak Evert Kleynhans
072 018 3685 Heilbron
R

**HEILBRON • EDENVILLE • FRANKFORT**



**Hugo Groenewald**
**082 569 7205**
Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemarking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!

Vleissentraal

# GEKLASSIFISEERD

**Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk, Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron**

**Tel: (058) 852 3033/4/5 | Faks: (058) 853 0140**
**www.heilbronherald.co.za**

**E-POS ADRESSE**
• **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
• **John Watson** john@heilbron.co.za
• **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
• **Silma** herald@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes) marketing@heilbron.co.za - (Korporatiewe klere, oorpakke ens.) WhatsApp Nr. 083 495 5512
• **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• **Delareyz** finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
• **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
• **Cara** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.) WhatsApp Nr. 078 857 2106
• **Hendie** heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerantbydraes, advertensies)

**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort, Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.**

***Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.***






HERALD Sport

# Rolbal se besigheidsliga is hier



*Op die foto agter vl: Rizette Bester, Jeanne Nel, Annarie Combrink, Thea Potgieter en Dries Bester. Voor: Chris Lötter.*

Die rolbalbaan was gesluit sodat belangrike instandhouding op die baan gedoen kon word, voor aanvang van die nuwe rolbalseisoen.

Die baan word "gescarify", kunsmis word toegedien en dan moet die baan lekker natgemaak word. En dit is waar die "paw-paw" toe die "fan" strike.

Met dank aan die misdadigers wat uitgevind het Heilbron is 'n lekker melkkoei vir die diefstal van koperkabels, word watervoorsiening 'n nagmerrie.

Doen die polisie nog patrolliediens gedurende die nag??

Huishoudings skree en gil, watervoorsiening is net so gebrekkig soos die inligting vanaf die munisipaliteit.

By die die rolbalbaan sit Gerrie Muller as baanbeampte ook en smeek vir water. Die besigheidsliga is op hande en daar is nie water vir besproeiing nie, maar Gerrie doen sy bes en die besigheidsliga kon Woensdagaand 20 September begin.

Volgende week sal ons dalk kan bespiegel watter spanne moet dopgehou word. Die gholfers gaan nie sommer net die trofee weggee nie.

Daar is 'n spreekwoord wat sê: "Ouers glo net aan oorerflikheid as hulle slim kinders het".

Soos ek voorheen gesê het, toe JC en Dolly Pretorius begin rolbal speel toe moet al die kinders en kleinkinders begin rolbal speel. Nou ja, ek kan seker hierdie spreekwoord aan JC en Dolly toedig: "Hulle glo aan oorerflikheid omdat hulle kinders en kleinkinders goeie rolbal speel".

Sonja Muller het alreeds haar merk gemaak in Valsrivier en ook NVS rolbal terwyl kleinseun RJ Muller gekies is as lid van NVS se onder 30 span, wat vanaf 23 tot 26 September in Klerksdorp aangebied word.

Terug by die besigheidsliga, volgende Woensdagaand is daar lekker vleisgevulde vetkoeke teen R40 per vetkoek. Dis verniet, sê ek jou! Bestel vroegtydig by Hannalie Claassen 079 040 0531 of Tanya Steenkamp 079 265 2238.

Depot prys:
R23,85 p/l
Prys verlaag met grootmaat bestelling.
Prys beskikbaar op navraag.
Klein- sowel as grootmaat verskaffing tot in met 40 000 liter
Plot Highlands No. 7, Heilbron
Willie Erasmus 084 623 4879
willie@africanfuels.co.za
AFS
Africa Fuel Services (Pty) Ltd

BRAAIDAG SPECIALS
OJ's MEAT MARKET
BOEREWORS R89.95/kg
C-GRAAD HEEL SKAAP R85.00/kg
GEROOKTE KAASWORS R95.00/kg
PORK SPARE RIBS R135.00/kg
SNOEK R95.00/kg
Dries Cilliers
082 781 6163
lcilliers1997@gmail.com

VLEISSENTRAAL
DIE BESTE BOD
BESTUURDER
P.J. Müller 060 966 9340
AFSLAER
Ian Grobbelaar 060 965 6207
Frankfort/Roadside/Cornelia
Corjan de Jager 079 506 8777
Frankfort/Cornelia/Oranjeville/Roadside
Fanie vd Merwe 082 494 3127
Tweeling/Reitz/Petrus Steyn/Frankfort
David Gerber 082 489 7424
Villiers/Cornelia/Grootvlei
Fanie vd Merwe (junior) 061 180 6802
Villiers/Cornelia/Grootvlei
Pula Giliomee 082 788 5338
Heilbron/Edenville/Oranjeville
Hugo Groenewald 082 569 7205
VLEISSENTRAAL JJ HADEBESTRAAT 77 FRANKFORT (Langs Frankfort Bearings)

BKB
The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou
BELANGRIKSTE veilings
MAANDAG - 25 SEPTEMBER 2023
DEVON Weeklikse veiling
Kontak Jurg Haywood 082 578 6241
BADPLAAS Weeklikse veiling
Kontak Themba Shongwe 076 557 9346
DINSDAG - 26 SEPTEMBER 2023
KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Diaan Niewenhuis 083 636 2314
VEREENIGING Weeklikse veiling
Kontak SC de Jager 082 599 2312
BULTFONTEIN: DOLF & ESTIE DU BRUYN
13DE PRODUKSIEVEILING
940 SAVM skape
11:00, "Ons s'n"
Kontak Louwtjie Bezuidenhout 082 827 7443
WOENSDAG - 27 SEPTEMBER 2023
REITZ Twee Weeklikse veiling
Kontak Jandré Moll 082 307 9169
WITBANK Weeklikse veiling
Kontak Rocco v Rooyen 082 799 2776
PARYS Maandelikse veiling
Kontak Freek Pieterse 079 560 7088
STANDERTON: 1ST BLACKHILLS
PRODUKSIEVEILING
25 Drakensberger bulle
11:00, Jonkersdam
Kontak Carel Davel 082 331 1811
HERTZOGVILLE: MALHERBE & ROBERTS
23STE PRODUKSIEVEILING
Brangus bulle & vroulike diere
11:00, Veilingskrale
Kontak Louwtjie Bezuidenhout 082 827 7443
DONDERDAG - 28 SEPTEMBER 2023
FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Deon Stegmann 079 878 2109
KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022
DUNDEE 2-Weeklikse veiling
Kontak Brokkie Brockmann 084 429 3091
ERMELO Weeklikse veiling
Kontak David Harris 082 573 7979
FICKSBURG Maandelikse veiling
Kontak Gerrie Britz 082 828 2855
VENTERSBURG: LK DOHNE STOETERY
PRODUKSIEVEILING
11:00, Erfplaas
Kontak Karel du Plessis 082 826 3244
VRYDAG - 29 SEPTEMBER 2023
BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Jaco Breedt 082 440 8960
STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Carel Davel 082 331 1811
POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956
SATERDAG - 30 SEPTEMBER 2023
ERMELO: O-LA-LA BOERDERY
Beeste
11:00, Veilingskrale
Kontak Moolman Mentz 083 229 2500
www.bkb.co.za
BKB Limited 1998/012435/06